VERSLAG VAN DIE **RAAD VAN DIREKTEURE**

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2020

Geagte Aandeelhouer

Die raad doen met genoeë verslag oor die bedrywighede en finansiële resultate vir die jaar onder oorsig.

AARD VAN BEDRYWIGHEDE

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy. Kontant-inkomste bestaan hoofsaaklik uit dividende en rente. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die maatskappy en sy filiale inkorporeer ook die geëkwiteerde toeskryfbare inkomste van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings.

Die groep se belange bestaan hoofsaaklik uit beleggings in finansiële dienste; gesondheidsorg; verbruikersprodukte; nywerheid; infrastruktuur asook media en sport.

RESULTATE

Jaar geëindig	30 Junie 2020	30 Junie 2019
Totale wesensverdienste (R miljoen)	**3 167**	8 195
– per aandeel (sent)	**560.6**	1 448.9
– verwater (sent)	**558.4**	1 445.9
Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede (R miljoen)*	**1 737**	5 551
– per aandeel (sent)	**307.5**	981.4
– verwater (sent)	**305.6**	978.8
Verdienste – netto wins vir die jaar (R miljoen)	**6 646**	7 319
– per aandeel (sent)	**1 176.4**	1 294.0
– verwater (sent)	**1 173.6**	1 292.0
Dividende (R miljoen)**	**1 506**	3 205
– gewoon – per aandeel (sent)	**265.00**	564.00

* *Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede is bereken deur RMB Holdings Beperk se geëkwiteerde inkomste uit te sluit as gevolg van die ontbondeling van die belegging.*

** *'n Finale dividend van 50 sent (2019: 349 sent) per aandeel is verklaar na jaareinde en is gevolglik nie in die finansiële jaarstate voorsien nie. Die finale dividend is onderhewig aan dividendbelasting.*

BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die wesentlike beleggingsaktiwiteite gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

FIRSTRAND BEPERK (FIRSTRAND) EN RMB HOLDINGS BEPERK (RMH)

Op 19 November 2019 het Remgro sy voorneme aangekondig om sy blootstelling aan FirstRand en RMH ten volle of gedeeltelik aan aandeelhouers uit te keer. Terselfdertyd het RMH aangekondig dat 'n strategiese besluit geneem is om sy portefeulje bates en laste te herstruktureer, wat die uitkering van sy aandeelhouding in FirstRand aan aandeelhouers insluit (FirstRand-ontbondeling).

Op 31 Maart 2020 het Remgro egter aangekondig dat dit voortgaan met die volle uitkering van sy 28.2%-belang in RMH (RMH-ontbondeling) en in April 2020 is 'n gedetailleerde aankondiging van bepalings aan aandeelhouers gestuur. Remgro se belegging in RMH was voorheen as 'n geassosieerde geklassifiseer en geëkwiteer. Met ingang van 31 Maart 2020 het die belegging voldoen aan die kriteria om ingevolge *IFRS 5* as 'n groep gehou vir verkoop geklassifiseer te word en is as 'n nie-bedryfsbate gehou vir uitkering geklassifiseer. Op 8 Junie 2020 het Remgro 397 447 747 gewone aandele in RMH aan aandeelhouers uitgekeer in die verhouding van 0.69939 RMH gewone aandele vir elke 1 Remgro-aandeel gehou. Die markwaarde van die tussendividend *in specie* het R23 855 miljoen bedra en 'n rekeningkundige wins van R7 360 miljoen is met die uitkering gerealiseer.

Op 31 Maart 2020 het Remgro ook aangekondig dat hy sy direkte belang van 3.9% in FirstRand ('n totaal van 219 828 140 FirstRand gewone aandele) sal behou. Remgro se belegging in FirstRand is voorheen as 'n geassosieerde geklassifiseer en geëkwiteer. Met ingang van 8 Junie 2020 is Remgro se wesentlike invloed oor FirstRand beëindig, onder andere vanweë die RMH-ontbondeling, en is die belegging as 'n finansiële bate teen billike waarde deur ander omvattende inkomste geklassifiseer. In die toekoms sal net die dividendinkomste van FirstRand in die inkomstestaat verantwoord word. Die markwaarde van die belegging op daardie datum het R9 927 miljoen bedra en 'n rekeningkundige wins van R4 228 miljoen is met die herklassifikasie van die belegging gerealiseer.

Met die RMH-ontbondeling het Remgro sy beleggingstrategie ten opsigte van sy 3.9%-belang in FirstRand verander en word die belang nou as 'n portefeuljebelegging beskou. In ooreenstemming met hierdie strategie, is besluit om 'n verskansingtransaksie oor 'n gedeelte van die belang aan te gaan, terwyl die afwaartse risiko en opwaartse potensiaal ten opsigte van die grootste gedeelte van die belang steeds gehandhaaf word. In Junie 2020 het Remgro 'n nulkosteband (zero cost collar)-verskansingtransaksie met Nedbank Beperk (Nedbank) aangegaan vir 60 000 000 van die FirstRand-aandele wat dit besit. Terselfdertyd het Remgro 'n skripleningsooreenkoms met Nedbank aangegaan om die prysbepaling van die nulkosteband te optimaliseer. Remgro sal toegelaat word om by FirstRand se algemene jaarvergadering met hierdie aandele te stem en is geregtig op enige dividend wat verklaar word. Alle dividende wat egter ontvang word op FirstRand-aandele waarvoor Nedbank 'n direkte of indirekte kort posisie hou vir die doel om die blootstelling daarvan onder die nulkosteband te verskans (tot 'n maksimum van 60 000 000 FirstRand-aandele), sal aan Nedbank oorgedra word. Die verwysingsprys van die nulkosteband is R40.51 en dit verval

binne twee jaar. Die trefpryse wissel tussen R36.46 en R51.97 op die koopopsies en die verkoopopsies, onderskeidelik. Hierdie FirstRand-aandele word verskans op 'n 1:1-grondslag en die nulkosteband word erken teen billike waarde, met veranderinge in billike waarde wat in ander omvattende inkomste verantwoord word. Die nulkosteband is op 30 Junie 2020 as 'n bate teen R101 miljoen gewaardeer.

Op 8 Junie 2020 is 3 297 213 Remgro gewone aandele as tesourie-aandele gehou. As gevolg van die RMH-ontbondeling het Remgro 2 306 037 RMH gewone aandele ontvang. Hiermee het Remgro ook gekwalifiseer om 3 025 266 FirstRand gewone aandele op 29 Junie 2020 as deel van die FirstRand-ontbondeling te ontvang. Beide hierdie beleggings is as finansiële bates teen billike waarde deur ander omvattende inkomste geklassifiseer en in die toekoms sal net dividendinkomste in die inkomstestaat verantwoord word.

MILESTONE CHINA FONDSE

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n bykomende $2 miljoen in Milestone China Opportunities Fund III (Milestone III) belê en uitkerings van $46 miljoen ontvang, waardeur die kumulatiewe belegging tot $100 miljoen en die kumulatiewe uitkerings ontvang tot $71 miljoen verhoog is. Op 30 Junie 2020 het die billike waarde van Remgro se belegging in Milestone III $72 miljoen bedra.

Gedurende die vorige jaar het Remgro JHL Biotech, Geïnk.-skuldbriewe (JHL-skuldbriewe), ter waarde van $10 miljoen, ontvang vir die verkoop van sy belegging in Milestone Capital Strategic Holdings Beperk. Die JHL-skuldbriewe is gedurende Januarie 2020 vir 'n bedrag van $12 miljoen afgelos.

COMMUNITY INVESTMENT VENTURES HOLDINGS EIENDOMS BEPERK (CIVH)

Gedurende die 2019-finansiële jaar het Remgro 'n lening ten bedrae van R100 miljoen aan CIVH gemaak en 'n onderskrywingsfooi van R58 miljoen op 'n CIVH-regte-uitgifte verdien. Soos vroeër gerapporteer, sal die lening en die uitstaande bedrag van die onderskrywingsfooi in CIVH-aandele omskep word. Op 31 Maart 2020 het Remgro 'n bykomende R167 miljoen in CIVH belê in ruil vir die lening en die uitstaande onderskrywingsfooi. Dit het Remgro se belang in CIVH marginaal tot 54.7% (2019: 54.4%) verhoog.

RCL FOODS BEPERK (RCL FOODS)

Gedurende Junie 2020 het Remgro 'n bykomende 10 573 857 RCL Foods-aandele vir 'n totale bedrag van R100 miljoen verkry. Op 30 Junie 2020 was Remgro se effektiewe belang in RCL Foods 77.1% (2019: 77.5%).

PEMBANI REMGRO INFRASTRUKTUURFONDS (PRIF)

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n bykomende R62 miljoen in PRIF belê en sodoende sy kumulatiewe belegging tot R372 miljoen verhoog. Op 30 Junie 2020 het die billike waarde van Remgro se belegging in PRIF R341 miljoen bedra en die oorblywende verpligting teenoor PRIF R278 miljoen bedra.

INVENFIN EIENDOMS BEPERK (INVENFIN)

Gedurende die jaar onder oorsig het Invenfin ('n volfiliaal van Remgro) 'n bykomende R103 miljoen in Bos Brands Eiendoms Beperk belê.

ANDER

Ander kleiner beleggings het R180 miljoen bedra.

GEBEURE NA JAAREINDE

DISTELL GROUP HOLDINGS BEPERK (DISTELL)

Op 12 Julie 2020 het die Suid-Afrikaanse regering nuwe maatreëls aangekondig om die verspreiding van Covid-19 te bekamp. Hierdie maatreëls het 'n verbod op die verkoop van alkoholiese drank ingesluit, wat op 18 Augustus 2020 opgehef is toe Distell weer kon begin handel dryf. Distell was toegelaat om gedurende die verbod op alkoholverkope steeds produkte in Suid-Afrika te vervaardig en kon ook met normale uitvoerbedrywighede voortgaan. Ander gebiede waar Distell bedrywig is, is nie in dieselfde mate geraak nie en kon grootliks normaal handel dryf, onderhewig aan die algemene ekonomiese beperkings wat in die onderskeie gebiede gegeld het. Distell het die negatiewe gevolge van die alkoholverbod op sy likiditeitsvooruitskattings beoordeel en tot die gevolgtrekking gekom dat dit steeds as 'n lopende saak bly voortbestaan.

Buiten bogenoemde gebeure was daar geen ander beduidende gebeure sedert 30 Junie 2020 nie.

KONTANTBRONNE BY DIE KERN

Die maatskappy se kontantbronne op 30 Junie 2020 was soos volg:

	30 Junie 2020			30 Junie
R miljoen	**Plaaslik**	**Buiteland**	**Totaal**	2019
Per gekonsolideerde staat van finansiële stand	**4 313**	**11 318**	**15 631**	12 662
Belegging in geldmarkfondse	**4 945**	**–**	**4 945**	5 175
Min: Kontant van bedryfsfiliale	**(2 553)**	**(950)**	**(3 503)**	(2 110)
Kontant by die kern	**6 705**	**10 368**	**17 073**	15 727

Op 30 Junie 2020, was ongeveer 25% (R4 350 miljoen) van die beskikbare kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê. Vir verdere inligting verwys na aantekening 5 van die finansiële jaarstate wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is.

GROEP FINANSIËLE OORSIG

VERGELYKING MET VORIGE JAAR

As gevolg van die ontbondeling van Remgro se 28.2%-belang in RMH word verdienste en wesensverdienste maatstawwe vir voortgesette en beëindigde bedrywighede aangebied. Die belegging in RMH word as 'n beëindigde bedrywigheid hanteer en gevolglik sluit beëindigde bedrywighede die geëkwiteerde inkomste van RMH vir beide finansiële jare in, sowel as die wins wat met die RMH-ontbondeling gerealiseer is. Vir die jaar onder oorsig is die belegging in RMH geëkwiteer vir die nege maande tot 31 Maart 2020 (2019: twaalf maande tot 30 Junie 2019). Beëindigde bedrywighede in die vorige jaar sluit ook die wins in wat met die verkoop van Unilever South Africa Holdings Eiendoms Beperk (Unilever) gerealiseer is.

Daar moet ook op gelet word dat met ingang van 8 Junie 2020, Remgro se beduidende invloed oor FirstRand beëindig is vanweë, onder andere, die RMH-ontbondeling en gevolglik is die belegging herklassifiseer van 'n geëkwiteerde belegging na 'n belegging teen billike waarde deur ander omvattende inkomste (FirstRand-herklassifikasie). Vir die jaar onder oorsig is die belegging in FirstRand geëkwiteer tot 8 Junie 2020. In die toekoms sal net dividendinkomste van FirstRand in die inkomstestaat verantwoord word.

In die jaar onder oorsig het die kategorieë, waarin die resultate van die onderliggende beleggings, gerapporteer word, verander. Voorheen is RMH en FirstRand onder *bankwese* geklassifiseer en Rand Merchant Investment Holdings Beperk (RMI) onder *versekering*. As gevolg van die RMH-ontbondeling is hierdie maatskappye by die *finansiële dienste*-kategorie ingesluit. Vergelykende syfers word ooreenkomstig aangebied.

COVID-19

Die Covid-19-pandemie het tot 'n skerp afswaai in die globale ekonomie gely, wat duidelik weerspieël word in die afname in wesensverdienste uit voortgesette bedrywighede tot R1 737 miljoen (2019: R5 551 miljoen) (verwys na aantekeninge 3.1 en 3.2 van die finansiële jaarstate wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is vir verdere inligting). Hierdie gebeurtenis het ook as 'n waardedalingsaanwyser gedien en gevolglik is alle nie-finansiële bates vir waardedaling getoets. Beduidende waardedalingsverliese is vir eiendom, aanleg en toerusting, ontasbare bates en beleggings verantwoord. Vir meer besonderhede verwys na aantekeninge 10.1, 10.3 en 4.4 in die finansiële jaarstate wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is vir verdere inligting. Daarby het die strak ekonomiese vooruitsigte debiteure se vermoë om skuld terug te betaal, beïnvloed en tot 'n gevolglike toename in verwagte kredietverliese op lenings en ontvangstes gelei (verwys na aantekeninge 10.5 en 13.2 van die finansiële jaarstate wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is vir verdere inligting). As 'n indirekte gevolg van die pandemie, het die waarde van bates wat teen billike waarde gemeet word, ook in ooreenstemming met die globale resessie verminder.

Die direksie sal voortgaan om die effek van die Covid-19-pandemie op die groep te monitor. Gegrond op feite en omstandighede wat bekend is, asook moontlike scenario's oor hoe die Covid-19-pandemie en verskillende vlakke van inperking kan ontwikkel, het bestuur bepaal dat daar geen wesentlike onsekerheid bestaan wat 'n moontlike skadu kan werp op Remgro se vermoë om as 'n lopende saak voort te gaan nie.

VERANDERINGE IN REKENINGKUNDIGE BELEID

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro *IFRS 16: Hure* terugwerkend vanaf 1 Julie 2019 implementeer, maar het nie soos toegelaat deur die oorgangsvoorsienings vir die standpunt, vergelykende syfers vir die verslagtydperk tot 30 Junie 2019 herstateer nie. Die herklassifikasies en aanpassings voortspruitend uit die nuwe hure reëls word daarom in die openingstaat van finansiële stand op 1 Julie 2019 erken.

By die implementering van *IFRS 16* erken die groep hierdie verpligtinge ten opsigte van hure wat voorheen geklassifiseer is as bedryfshure ingevolge die beginsels van *IAS 17: Hure*. Hierdie verpligtinge word gemeet teen die huidige waarde van die oorblywende huurpaaiemente, verdiskonteer deur gebruik te maak van die huurder se inkrementeleleenkoers op 1 Julie 2019. Ingevolge *IAS 17*, is bedryfshuurbetalings op 'n reguitlyn-grondslag as uitgawe erken. Ingevolge *IFRS 16* word huurlaste met ooreenstemmende gebruiksreg-bates erken. Finansieringskoste loop op op die huurlaste en die waardevermindering op die gebruiksreg-bates word afgeskryf oor die nuttige lewe daarvan. Huurterugbetalings word teen hierdie huurlaste verantwoord.

Verwys na aantekening 17 van die finansiële jaarstate wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is vir die uitwerking van die implementering hiervan.

STAAT VAN FINANSIËLE STAND

Die ontleding van "Ekwiteit aangewend" en "Bron van wesensverdienste" hieronder dui die sektore aan waarin die groep se beleggings ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n belegging hoofsaaklik in een sektor bedrywig is, maar ook belange in 'n ander sektor het nie.

	30 Junie 2020		30 Junie 2019	
	R miljoen	**R per aandeel**	R miljoen	R per aandeel
Ekwiteit aangewend				
Toeskryfbaar aan ekwiteithouers	**86 773**	**153.59**	101 097	178.95
Aanwending van ekwiteit				
Finansiële dienste	**16 804**	**29.74**	31 405	55.59
Gesondheidsorg	**27 443**	**48.57**	24 019	42.52
Verbruikersprodukte	**20 602**	**36.47**	23 187	41.04
Nywerheid	**6 107**	**10.81**	6 318	11.18
Infrastruktuur	**5 576**	**9.87**	6 664	11.80
Media en sport	**1 126**	**1.99**	1 042	1.84
Ander beleggings	**4 400**	**7.79**	4 620	8.18
Sentrale tesourie				
– Kontant by die kern	**17 073**	**30.22**	15 727	27.84
– Skuld by die kern	**(15 288)**	**(27.06)**	(13 919)	(24.64)
Ander netto korporatiewe bates	**2 930**	**5.19**	2 034	3.60
	86 773	**153.59**	101 097	178.95

INKOMSTESTAAT

	30 Junie 2020		30 Junie 2019	
	R miljoen	**%**	R miljoen	%
Bron van wesensverdienste				
Finansiële dienste	**2 686**	**85**	4 898	60
Gesondheidsorg	**1 655**	**52**	1 693	21
Verbruikersprodukte	**545**	**17**	918	11
Nywerheid	**103**	**3**	944	12
Infrastruktuur	**(716)**	**(23)**	(174)	(2)
Media en sport	**97**	**3**	20	–
Ander beleggings	**(66)**	**(2)**	39	–
Sentrale tesourie				
– Finansieringsinkomste	**479**	**15**	755	9
– Finansieringskoste	**(951)**	**(30)**	(823)	(10)
– Opsie hermeting	**2**	**–**	112	1
Ander netto korporatiewe koste	**(667)**	**(20)**	(187)	(2)
	3 167	**100**	8 195	100

R miljoen	**30 Junie 2020**	30 Junie 2019
Samestelling van wesensverdienste		
Filiale	**(713)**	763
Winste	**783**	1 612
Verliese	**(1 496)**	(849)
Geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	**3 880**	7 432
Winste	**5 060**	7 835
Verliese	**(1 180)**	(403)
	3 167	8 195

AANDELEAANSPORINGSKEMAS

Remgro het tans drie langtermynaansporingsplanne, naamlik die ou Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema (SAR-skema), die Remgro Aandelegroeiregplan (SAR-plan) en die Remgro Ekwiteitsvereffende Voorwaardelike Aandeleplan (CSP).

Ingevolge die SAR-skema en SAR-plan word Remgro gewone aandele ter waarde van die groei van hul reg tot 'n toegekende aantal Remgro gewone aandele aan deelnemers aangebied wat binne verskillende intervalle, maar voor die verstryking van sewe jaar na die regte toegeken is. Die vroegste intervalle waarbinne aandelegroeiregte vestig en uitgeoefen kan word, is soos volg:

- Een-derde drie jaar na die toekenningsdatum
- 'n Addisionele derde vier jaar na die toekenningsdatum
- Die res vyf jaar na die toekenningsdatum

Ingevolge die CSP ontvang deelnemers Remgro gewone aandele wat soos volg vestig:

- Een-derde drie jaar na die toekenningsdatum
- 'n Addisionele derde vier jaar na die toekenningsdatum
- Die res vyf jaar na die toekenningsdatum

Vestiging van beide skemas is voorwaardelik en onderworpe aan die voltooiing van die werknemertydperk en die nakoming van prestasievoorwaardes (waar toepaslik).

Verwys na aantekening 8 by die finansiële jaarstate, wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, vir volledige besonderhede van beide skemas.

TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2019 is 3 334 936 Remgro gewone aandele (0.6%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaal van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer is hierdie aandele aangekoop ten einde Remgro se aandele-skemas te verskans.

Gedurende die jaar onder oorsig is 37 723 Remgro gewone aandele aangewend ten einde Remgro se verpligting teenoor skemadeelnemers, te vereffen.

Op 30 Junie 2020 is 3 297 213 Remgro gewone aandele (0.6%) as tesourie-aandele gehou.

HOOFAANDEELHOUER

Rupert Beleggings Eiendoms Beperk (Rupert Beleggings) hou al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele van die maatskappy en is geregtig op 42.62% (2019: 42.62%) van die totale stemreg.

'n Ontleding van die aandeelhouers verskyn op bladsy 144 en 145.

FILIALE EN BELEGGINGS

Besonderhede van filiale en geëkwiteerde beleggings word in aantekening 14 van die finansiële jaarstate, wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, uiteengesit.

DIREKTEURE

Die name van die direkteure verskyn op bladsy 18 en 19 van die geïntegreerde jaarverslag.

Die volgende veranderinge was effektief 28 November 2019:

- Dr E de la H Hertzog het as mede-ondervoorsitter en nie-uitvoerende direkteur van die direksie afgetree;
- Mnr G T Ferreira het as hoof onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die direksie afgetree;
- Mnr F Robertson is as mede-ondervoorsitter saam met mnr J Malherbe aangestel;
- Me S E N De Bruyn is as hoof onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die direksie aangestel;
- Mnr P J Neethling is as nie-uitvoerende direkteur aangestel, welke direkteursaanstelling ingevolge die akte van oprigting van die maatskappy deur die aandeelhouers by die volgende algemene jaarvergadering bekragtig sal word;
- Mnr G G Nieuwoudt is as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur en lid van die beleggingskomitee aangestel, welke direkteursaanstelling ingevolge die akte van oprigting van die maatskappy deur die aandeelhouers by die volgende algemene jaarvergadering bekragtig sal word;
- Mnr K M S Rantloane is as alternatiewe onafhanklike nie-uitvoerende direkteur vir mnr P K Harris aangestel, welke alternatiewe direkteursaanstelling ingevolge die akte van oprigting van die maatskappy deur die aandeelhouers by die volgende algemene jaarvergadering bekragtig sal word; en
- Mnr P J Moleketi is as lid van die vergoedings-en-nominasie-komitee aangestel.

Die direksie bedank dr E de la H Hertzog en mnr G T Ferreira vir hulle waardevolle bydraes oor baie jare en verwelkom mnre P J Neethling en G G Nieuwoudt as direkteure van die maatskappy en mnr K M S Rantloane as 'n alternatiewe direkteur vir mnr P K Harris.

Kragtens die bepalings van die akte van oprigting tree me S E N De Bruyn en M Lubbe, mnre M Morobe, J P Rupert en N J Williams volgens rooster as direkteure af. Hierdie direkteure is en stel hulself herkiesbaar.

BELANGE VAN DIREKTEURE

Die direkte en indirekte belange van direkteure en hul verwantes in die uitgereikte gewone aandelekapitaal van die maatskappy het, in totaal op 30 Junie 2020, 3.37% (2019: 2.53%) bedra.

Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rupert Beleggings wat die houer is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele.

'n Ontleding van die belange van direkteure in die uitgereikte kapitaal van die maatskappy verskyn op bladsy 146.

DIREKTEURSVERGOEDING

Die totale direkteursvergoeding betaalbaar vir dienste as direkteure die afgelope finansiële jaar gelewer, het R5.7 miljoen (2019: R5.5 miljoen) beloop.

AANKOOP VAN AANDELE VAN DIE MAATSKAPPY

Daar word aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die direksie toegestaan word om, indien omstandighede dit regverdig, die maatskappy se eie aandele te verkry en om goedkeuring aan enige filiaal van die maatskappy te gee om aandele in die maatskappy te verkry, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, en die noteringsvereistes van die JSE Beperk.

'n Spesiale besluit om hierdie algemene magtiging aan die raad te verleen is ingesluit in die kennisgewing van die algemene jaarvergadering wat op bladsy 147 van die geïntegreerde jaarverslag verskyn.

MAGTIGING OM GEWONE AANDELE ONDER BEHEER VAN DIE DIREKTEURE TE PLAAS

Daar word aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die direksie toegestaan word om gewone aandele toe te ken en uit te reik, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, die akte van oprigting en die noteringsvereistes van die JSE Beperk, op voorwaarde dat die totale getal aandele toegeken en uitgereik tot 5% van die aantal onuitgereikte gewone aandele in die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy (naamlik 23 539 150 gewone aandele) beperk word. Die magtiging kan nie aangewend word om aandele vir kontant uit te reik nie.

'n Gewone besluit om hierdie algemene magtiging aan die direksie te verleen is ingesluit in die kennisgewing van die algemene jaarvergadering wat op bladsy 147 van die geïntegreerde jaarverslag verskyn.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND NR. 40

Hiermee word kennis gegee dat 'n finale bruto dividend van 50 sent (2019: 349 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die jaar geëindig 30 Junie 2020. Die finale dividend is afwaarts aangepas om die uitwerking van die RMH-ontbondeling en die impak van die Covid-19-pandemie in berekening te bring.

Dividendterughoubelasting van 20% of 10 sent per aandeel sal van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 40 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividendterughoubelasting of in aanmerking kom vir 'n verlaagde koers ingevolge 'n toepaslike dubbelbelastingooreenkoms.

Die totale bruto dividend per aandeel vir die jaar geëindig 30 Junie 2020 bedra dus 265 sent teenoor 564 sent vir die jaar geëindig 30 Junie 2019.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 529 217 007 gewone aandele en 39 056 987 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

BETALING

Die finale dividend is op Maandag, 16 November 2020, betaalbaar aan aandeelhouers van die maatskappy wat op Vrydag, 13 November 2020, geregistreer is.

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 11 November 2020, en Vrydag, 13 November 2020, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekeninge van aandeelhouers, terwyl dividendtjeks nie meer uitgereik word nie. Indien aandeelhouers nie die oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as "onopgeëis" gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die oordragsekretaris voorsien het.

SEKRETARIS

Die naam en adres van die maatskappysekretaris verskyn op bladsy 21 van die geïntegreerde jaarverslag.

GOEDKEURING

Die omvattende finansiële jaarstate wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, asook die verkorte finansiële jaarstate op bladsy 126 tot 140 uiteengesit, is deur die raad goedgekeur.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
28 September 2020